# SOJA:

## STOOR-, HANTERING- EN FOLIO ADMINISTRASIEFOOIE 2025/2026 OESJAAR
## 1 MAART 2025 - 28 FEBRURIE 2026

Die neXgro Groep van Maatskappye is 'n bekende, innoverende AgTech-groep, met byna 40 jaar ervaring in graanhandel, stoor en verwante bestuursdienste. Een van ons besigheidsdoelwitte is om produsente in staat te stel om hulle regmatige plek in die graan- en oliesaadproduksiewaarde-ekosisteem in te neem, deur unieke, data-gedrewe en tegnologie-slim oplossings te bied aan 'n bedryf wat so oud is soos die beskawing self, maar wat relevant en kommersiëel lewensvatbaar moet bly in 'n vinnige en veranderende wêreld. As deel van die benadering om die boer te bemagtig, het neXgro 'n betroubare nasionale kommersiële plaassilo-netwerk opgerig, wat volledig opereer en meeding langs alle ander kommersiële silo's landswyd, deur hoë-standaard graanbestuur en stooroplossings te lewer.

neXgro Graanbestuur ('n spesialisafdeling van die neXgro Groep) vorm vennootskappe met produsente om hulle plaassilo's en industriële silo's te kommersialiseer deur 'n diens te bied wat bestaan uit plaassilobestuur en akkreditasie, met of sonder onafhanklike geakkrediteerde kollaterale bestuur.

Die neXgro Graanbestuur akkreditasiestelsel sluit die aanstelling van 'n onafhanklike kollaterale bestuurder in, wat die moontlikheid van graanfinansiering deur neXgro en hul finansiële instellingsvennoot ontsluit. Ons plaassilo-netwerk is reeds deur ons finansiële instellingsvennoot goedgekeur en aanvaar as goedgekeurde stoorplekke vir gefinansierde graanprodukte.

As onderliggende basis tot die silo netwerk bied neXgro Graanbestuur 'n moderne en hoogs betroubare aanlyn elektroniese graanbestuurstelsel waarvolgens alle voorraadbeweging bestuur word. Deel van die dienste wat neXgro Graanbestuur bied is die berekening en administrasie van graanopbergingskostes en bystand aan die silo's met die administrasie daarvan. Hiermee dus die nuwe seisoen se tariewe in een oogopslag, vir die hele netwerk (Alles Btw uitgesluit).

**Stoorkapasiteit is beperk by elke silo en versoek ons dat u asb vooraf spasie sal versoek aan Nexgro Graanbestuur wat eers aan u sal bevestig voor lewerings aan silo.admin@nexgro.co.za.**

**neXgro ®** (A registered trademark of neXgro Holdings (Pty) Ltd)

T +27 11 692 4400 | E info@nexgro.co.za

P Postnet Feather Square Suite #031, Private Bag X2, Ruimsig, 1732

A 22 Furrow Rd, Diswilmar AH, Krugersdorp, 1746

**www.nexgro.co.za** (For a full overview of our POPIA policy, list of Group companies and respective directors)

**Die soja hantering en stoortariewe vir die 2025/2026 oesjaar is as volg**:

Soja Tariewe (BTW uitgesluit op Rand per Ton basis) en word gehef vanaf elke silo

| Silo | Afgeleide Diff | Stoor Dag | Stoor Jaar | Hantering IN |
|---|---|---|---|---|
| Agri-Land | -185 | 1.15 | 150 | 60 |
| Bellary Silo | -22 | 1.14 | 170 | 80 |
| Die Bult Depot | -230 | 1.30 | 175 | 86 |
| Doornkorp Silo | 0 | 1.20 | 185 | 86 |
| Graanland Silo | -40 | 1.30 | 185 | 86 |
| Holfontein Silo | 0 | 1.20 | 180 | 86 |
| Waagkraal Depot | -144 | 1.15 | 160 | 75 |

Volume afslag op jaarstoor is beskikbaar en versoeke moet asb aan Nexgro Graanbestuur gerig word.
Die lys van netwerk silo's vermeerder deurlopend en sal uitgebrei word deur die loop van die jaar deur kennisgewing en per die neXgro webblad kommunikasie. Indien u graan wil aanbied vir hierdie silo's kan u neXgro Graanbestuur kontak vir navrae.

## Stoorgeld

Jaarstoor is die standaard kontrak opsie en dagstoor of deurvoer opsies moet aan Nexgro Graanbestuur voorgelê word vir goedkeuring.
Jaarstoor is betaalbaar deur die eerste folio eienaar op wie se folio die tonne gelewer word, eers met verkoop van tonne per folio oorplasing of uitlaai instruksie versoek of 31 Desember 2025, watter een ook al eerste gebeur, betaal terme soos wat gekommunikeer sal word.
Die jaarstoorvoordeel is oordraagbaar tussen folio's tot 28 Februarie 2026, waarna nuwe jaarstoor teen die volgende seisoen se tariewe bereken sal word op die oordragvoorraad.
Die dagstoor tarief, indien goedgekeur, word op die daaglikse tonnebalans bereken en is maandeliks betaalbaar. Die kumulatiewe dagstoortarief word beperk tot die jaarstoorbedrag plafon.

## Hanteringsfooie

Hantering word gehef einde van die maand van lewering aan die silo en is betaalbaar 30 dae na staatdatum.

## Produsent Fasilteringsfooie R3.00 per ton soos ontvang op folio

Word gehef vir die administrasie van produsente leweringskontrakdata onder 'n graaneienaar se folio (hooffolio), gebaseer op die totale tonne gelewer op die hooffolio.

Die voordeel help graaneienaars om te bepaal wie en watter tonnemaat het produsente op hulle folio gelewer. Betaalbaar deur die hooffolio-eienaar, betaalbaar op kredietterme soos gekommunikeer.

### Folio-oorplasing / Silo Sertifikaat R3.50 per ton soos oorgeplaas

Word gehef met enige versoek van die graaneienaar om tussen folio's of per silo sertifikate oorplasings te prosesseer. Die oorplasings fooi is betaalbaar deur die folio graan eienaar uit wie se folio die oorplasing plaasvind.

### Sifkoste

Waar die silo operasionele kapasiteit het en dit nodig sal wees om te sif en sal die volgende kostes gehef word:

**Skadelike sade verwyderingkostes**:

| Aantal sade per 1kg | R/Ton (Btw uitg) |
|---|---|
| 2 - 20 | 70.00 |
| 21 - 30 | 150.00 |
| 31 - 40 | 310.00 |
| > 40 | 475.00 |

(Die vreemde materiaal en sifsels wat uitgesif word bly die eiendom van die silo. Alle materiaal onder die 4.75mm rondegatsif word gebruik vir die berekening van die persentasie van die massa-aanpassing.)

**Verwydering/ Uitsif van groenpeule: R75.00 / ton (Btw uitg)**

(Die peule wat uitgesif word bly die eiendom van die silo. Alle materiaal onder die 4.75mm rondegatsif word gebruik vir die berekening van die persentasie van die massa-aanpassing.)

Indien daar gesif word vir groen peule EN skadelike sade sal die hoogste tarief van die twee gehef word en nie die twee tariewe saam nie. Dus vir groen peule EN skadelike sade tussen 2 -20 sal die tarief R75 /ton wees, maar vir groen peule EN skadelike sade tussen 21-30 is een tarief van R150 /ton.

### Graan vogaanpassing

Alle sojabone met 'n vogpersentasie onder 12.0% word as droog aanvaar. Vogpersentasie tussen 12,0% en 13% sal aangepas word na 12.0%. Soja met vogpersentasie hoër as 13% sal op 'n *ad hoc* basis volgens die silobestuur se diskresie oorweeg word, afhangende van drogingsfasiliteite en operasionele uitvoerbaarheid. Kontak elke silo direk vir enige navrae.

### Aftrekkings
Hanteringsfooie word teen 0.5 % standaard basis afgetrek op bruto massa en verdere graderingsaftrekkings (waar van toepassing) word gehef volgens regulasies.

### Graadaanpassing
Op- en afgraderings sal slegs oorweeg word met silobestuurdiskresie en -goedkeuring. Elke geval sal op eie meriete hanteer word en opgraderingskoste sal per insident gekwoteer word.

### Algemeen
Getekende stoorooreenkomste moet in plek wees vir elke graaneienaar. Daar is 'n universele stoorooreenkoms met neXgro Graanbestuur in gebruik wat as agent namens vir silo's as prinsipaal optree, dus word slegs een stoorooreenkoms benodig om by enige van die netwerksilo's te kan stoor. Verwys ook na die stoorooreenkoms vir 'n wyer omskrywing van termes en voorwaardes.

Verlengde ure is in oestyd beskikbaar, maar versoek ons dat u asseblief deurlopend kommunikeer met elke silo bestuurder van u behoeftes.

Diverse weeg- en weeg&gradeerdienste is beskikbaar. Kontak die silobestuurders vir toepaslike tariewe, indien enige. neXgro Graanbestuur en die silo eienaars aanvaar geen regsaanspreeklikheid vir die korrektheid van die massa van sodanige goedere wat geweeg word met weeg- en weeg&gradeerdienste nie.

Die meeste silo's is toegerus met behoorlike kragopwekkers of alternatiewe kragvoorsiening. Daar is nie 'n ekstra koste vir die gebruiker tov kragopwekking nie, maar die silo kan nie waarborg dat daar altyd deurlopende kragvoorsiening sal wees nie en die kostestruktuur kan heroorweeg word waar die kragonderbrekings abnormale vlakke bereik.

### Adminstrasienavrae
Enige verdere navrae, voorraadbevestigings, folio-aansoeke, fasilteringsnavrae of uitlaai-instruksies kan gerig word aan **silo.admin@nexgro.co.za**.

Met dank

**neXgro GRAANBESTUUR**

E&OE